Datum: 15 November 2026
Leraar: Wouter van der Merwe
Tema: Jesus is die Woord!

Paulus – Sy laaste opdrag gaan nie oor hom of sy nalatenskap nie: Dis nie, onthou my nie! Dit is wel: 'Bly by die skrif!'

2 Tim 3:14-17

1. Die Bybel kom van God af!
   ⊖EOTTVEV6TOS, (THEDPNEUSTOS) - 'God ge-asem'
   - Dus die Here se asem op papier
   - **2 Petr 1:20-21,** Heilige Gees 'DRA' [(ØEPW) Hand 27:15, soos wind 'n skip dra], die skrywers van die Woord.

   - Al is dit geïnspireer, gebruik hy die karakter, persoonlikheid en agtergrond van elke skrywer om kleur en geur te gee aan sy woord! (David, Amos, Lukas, Paulus en Jakobus)

Die Bybel is 'n Liefdesbrief van God af! Num 23:19 en Titus 1:2

2. Die vroeë kerk herken die skrifte as Bybel (Kanon)
   *Swaartekrag was daar maar Newton het dit verwoord!

   Kriteria wat vroeë kerk gebruik het om by die 66 boeke van die Bybel uit te kom, (veral die N.T 27):
   1. Apostolies (deur 'n apostel of iemand by 'n apostel geskryf)
   2. Reg in leer (teologies korrek) – Ten volle
   3. Algemeen aanvaar (orals)
   4. Oorspronklik (oud)

3. Waar trek ons die streep? **NET SY WOORD!**

So, wees lief vir die Woord! Ps 119:97/103 & Jer 15:16
Glo in die transformerende krag van Sy Woord, **Heb 4:12**